testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

## NOVEMBER 2020

## GRAAD 10

## REKENINGKUNDE
## VRAESTEL 2

EXEMPLAR

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 150

**10 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig en volg dit presies.

1. Beantwoord **ALLE** vrae in die ANTWOORDBOEK voorsien.
2. Toon **ALLE** berekeninge om deelpunte te verdien.
3. Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
4. Jy mag swart/blou ink gebruik om die vrae te beantwoord.
5. Waar van toepassing, toon **ALLE** berekeninge tot **EEN** desimale punt.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as riglyn om die vraestel te beantwoord. Probeer om **NIE** daarvan af te wyk **NIE**.

| **VRAAG 1: 45 punte; 36 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Konsepte en Algemene Grootboekrekeninge | Konsepte<br>Algemene Grootboek Rekeninge |

| **VRAAG 2: 46 punte; 37 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Debiteure rekonsiliasie<br>Interne kontrole | Debiteure kontrole rekening<br>Debiteurelys<br>Interne kontrole aangaande debiteure |

| **VRAAG 3: 39 punte; 31 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Konsepte en<br>Vaste Bates | Konsepte<br>Vaste Bate Register<br>Waardevermindering op Vaste Bates<br>Vaste Bate Nota |

| **VRAAG 4: 20 punte; 16 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Interne kontrole en Etiek | Kontrole op Vaste Bates<br>Kontrole op Voorraad<br>Etiek aangaande bates |

EXEMPLAR

## VRAAG 1: KONSEPTE EN ALGEMENE GROOTBOEKREKENINGE

**(45 punte : 36 minute)**

### 1.1 KONSEPTE

Kies die antwoord vanaf die lys en voltooi elke onderstaande stelling. Skryf slegs die antwoord langs die vraag nommer (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

| | | | |
|---|---|---|---|
| verkoopprys | kosprys | inkomste | uitgawe |
| oorspronklike faktuur | duplikaat faktuur | kredietnota | |

1.1.1 Verkope syfers word gesien as ŉ ... .

1.1.2 Goedere verkoop word altyd geboekstaaf teen ... prys in die Handelsvoorrad rekening.

1.1.3 Handelsvoorraad as ŉ donasie geskenk deur die besigheid word gesien as ŉ ... .

1.1.4 Die brondokument gebruik om kredietaankope te boekstaaf is die ... .

1.1.5 Die brondokument gebruik om kredietverkope te boekstaaf is die ... .
(5 x 1) (5)

### 1.2 ALGEMENE GROOTBOEKREKENINGE

Jy word voorsien met inligting aangaande Molefi Handelaars vir Junie 2020. Die besigheid koop en verkoop huishoudelike benodighede vir kontant en op skuld. Die besigheid is in Gauteng geleë en hul finansiële jaar eindig op 30 Junie. Die besigheid se winsgrens is 60% op kosprys.

**GEVRA:**

Voltooi en balanseer die volgende Algemene Grootboek rekeninge vir Junie 2020:

1.2.1 Handelsvoorraad (23)

1.2.2 Krediteurekontrole (17)

**INLIGTING A:**

**Saldo's op 1 Junie 2020 in die Algemene Grootboek**

- Handelsvoorraad R87 600
- Krediteurekontrole R38 900



EXEMPLAR

**INLIGTING B:**

**Totale in die hulpjoernale op 30 Junie 2020**

| Kontantontvangstejoernaal | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Bank | Verkope | Koste van verkope | Debiteurekontrole | | Diverse rekeninge |
| | | | Ontvangste | Korting | |
| R68 200 | R42 000 | R26 250 | R18 400 | R600 | R? |

| Kontantbetalingsjoernaal | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Bank | Handels-voorraad | Debiteure kontrole | Krediteurekontrole | | Diverse rekeninge |
| | | | Betalings | Korting | |
| R44 300 | R4 600 | R1 800 | R22 620 | R980 | R? |

| Debiteurejoernaal | |
|---|---|
| Verkope | Koste van verkope |
| R18 400 | R? |

| Debiteuretoelaejoernaal | |
|---|---|
| Debiteuretoelae | Koste van verkope |
| R1 800 | R1 125 |

| Krediteurejoernaal | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Krediteure-kontrole | Handels-voorraad | Skryfbehoeftes | Toerusting | Diverse rekeninge |
| R? | R12 800 | R4 400 | R8 900 | R3 100 |

| Krediteuretoelaejoernaal | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Krediteure-kontrole | Handels-voorraad | Skryfbehoeftes | Toerusting | Diverse rekeninge |
| R2 800 | R800 | R300 | R1 200 | R? |

EXEMPLAR

| Kleinkasjoernaal | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kleinkas** | **Handels-voorraad** | **Skryfbehoeftes** | **Lone** | **Diverse rekeninge** |
| R1 260 | R260 | R400 | R380 | R220 |

| Algemene Joernaal | | | |
|---|---|---|---|
| **Debiteurekontrole** | | **Krediteurekontrole** | |
| **Debiet** | **Krediet** | **Debiet** | **Krediet** |
| R1 490 | R890 | R780 | R1 420 |

**INLIGTING C:**

Die rekenmeester het nie die volgende transaksies in die Algemene Joernaal geboekstaaf nie:

- Die eienaar neem goedere vir R1 650 teen kosprys vir eie gebruik.
- Daar is ontdek dat goedere op skuld gekoop vir R3 200, verkeerd as skryfbehoeftes geboekstaaf is

**Nota: boekstaaf die transaksies direk in die Algemene Grootboek rekeninge.** **45**

EXEMPLAR

**VRAAG 2: DEBITEURE REKONSILIASIE** **(46 punte : 37 minute)**

Die onderstaande inligting is geneem uit die boeke van Stephan Winkels.

**GEVRA:**

2.1 Beantwoord die volgende vrae:

2.1.1 Hoekom moet die Debiteurekontrole en die Debiteurelys altyd ooreenstem? Verduidelik in **EEN** punt. (2)

2.1.2 Rekonsilieer die Debiteurekontrole met die Debiteurelys vir die maand Julie 2020. (40)

2.1.3 Stephan voel sy debiteure betaal nie betyds nie. Lys **TWEE** maatreëls wat hy kan implementeer om geld vroeër vanaf debiteure in te vorder. (4)

**INLIGTING:**

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN STEPHAN WINKELS**
**BALANSSTAATREKENINGE AFDELING**

| **DT** | | | | **DEBITEUREKONTROLE** | | | | **B6** | **KT** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2020 Jul | 01 | Saldo | a/b | 212 080 | 2020 Jul | 31 | Bank en korting toegestaan | KOJ | 224 550 |
| | 30 | Verkope | DJ | 277 300 | | | Debiteure afslag | DAJ | 8 000 |
| | | Joernaal debiete | AJ | 4 700 | | | Joernaal krediete | AJ | 2 400 |
| | | | | | | | Saldo | o/d | 259130 |
| | | | | 494 080 | | | | | 494 080 |
| 2020 Aug | 01 | Saldo | a/b | 259130 | | | | | |

EXEMPLAR

**DEBITEURELYS SOOS OP 31 JULIE 2020**

| NAAM VAN DEBITEUR | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| C. Botha | 20 600 | |
| H. Dipho | 12 000 | |
| N. Dladla | 64 000 | |
| D. Mkhize | | 3 200 |
| E. Mthimkulu | 6 500 | |
| L. Nkozi | 73 000 | |
| G. Stuurman | 13 400 | |
| B. Zunaid | 90 000 | |
| **TOTAAL** | 279 500 | 3 200 |

**FOUTE EN WEGLATINGS**

A Die saldo van die Debiteurekontrole rekening op 1 Julie is met R1 080 te veel bereken.

B Die kredietsaldo van D. Mkhize in die Debiteurelys moet oorgedra word na die Krediteure grootboek.

C Die totaalkolom van verkope in die Debiteurejoernaal is met R25 000 te min opgetel.

D ŉ Kredietfaktuur vir R7 700 vir goedere aangekoop vanaf B. Zunaid is nog nie geboekstaaf nie.

E ŉ Kwitansie vir R15 000 uitgereik aan L. Nkozi is korrek geboekstaaf in die debiteur se rekening, maar is weggelaat in die Hulpjoernaal.

F ŉ Inskrywing van R1 000 vir goedere teruggestuur deur N. Dladla is nie in die Hulpjoernaal geboekstaaf nie en is aan die verkeerde kant van sy rekening ingevoer.

G Geen inskrywing is gedoen vir ŉ terugbetaling van R5 000 aan C. Botha vir ŉ bedrag te veel gehef.

H E. Mthimkulu het goedere ter waarde van R4 800 teruggestuur. Hierdie bedrag is korrek in die Hulpjoernaal geboekstaaf maar as R3 900 in die debiteure-rekening aangeteken.

I Geen inskrywing is gemaak vir rente gehef op G. Stuurman se agterstallige rekening van R8 000. Die bedrag is 3 maande agterstallig, rente gehef teen 5% per jaar.

J H. Dipho het ŉ tjek uitgereik vir R8 550 op sy rekening nadat 5% korting afgetrek is. Die korting is geboekstaaf in die Grootboek maar nie in die Hulpjoernaal nie.

**46**

EXEMPLAR

## VRAAG 3: KONSEPTE EN VASTE BATES (39 punte; 31 minute)

### 3.1 KONSEPTE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDBOEK.

3.1.1 Vaste bates is tasbare bates wat aangekoop word deur die besigheid met die doel vir herverkope.

3.1.2 Opgelope waardevermindering word geboekstaaf in die Inkomstestaat.

3.1.3 'n Bateregister is 'n aantekening van alle bates wat die besigheid besit.

3.1.4 Die verminderde saldo metode word gebruik om waardevermindering op Grond en Geboue te bereken. (4 x 1) (4)

### 3.2 VASTE BATEREGISTER

**Colin se Motorhandelaars**

Die inligting voorsien is 'n uittreksel uit die boeke van Colin se motorhandelaars.

**GEVRA:**

Gebruik die onderstaande inligting en voltooi die Vaste Bate Register op die ANTWOORDBOEK. Hul finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2020. (8)

**INLIGTING:**

Colin se Motorhandelaars het 'n afleweringsvoertuig op 31 Augustus 2018 op skuld vanaf Falcon Motors vir R150 000 aangekoop. Waardevermindering word bereken teen 20% p.j. op die verminderde saldo metode.

### 3.3 VASTE BATE NOTA

**Martin Logistiek**

Die inligting het betrekking tot Martin Logistiek vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020.

**GEVRA:**

3.3.1 Bereken die totale waardevermindering op toerusting vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020. (6)

3.3.2 Bereken die prys van EEN voertuig. (2)



EXEMPLAR

3.3.3 Bereken die totale waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020. (5)

3.3.4 Voltooi die Vaste Bate Nota. (14)

**INLIGTING:**

A

| UITTREKSEL VANAF PROEFBALANS OP 29 FEBRUARIE 2020: | | |
|---|---|---|
| **Balansstaatrekeninge Afdeling** | **Debiet** | **Krediet** |
| Grond en geboue | 5 500 000 | |
| Voertuie (kosprys) | 1000 000 | |
| Toerusting (kosprys) | 2000 000 | |
| Opgelope waardevermindering: voertuie (1/3/2019) | | 375 000 |
| Opgelope waardevermindering: toerusting (1/3/2019) | | 1 200 000 |

B **AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:**

**Grond en geboue**

Gedurende die jaar is ŉ betaling van R500 000 gemaak aan Gifts Herstellers, R300 000 was vir ŉ nuwe stoorkamer en die res van R200 000 was om die dak van die ou pakhuis te herstel.

**Toerusting**

Op 01 Desember 2019 is ŉ nuwe 3D drukker aangekoop vir R90 000. ŉ Tegnikus is gehuur om die drukker te installeer en in te stel voor gebruik. Die besigheid is vir R25 000 gefaktureer vir die installasie- en instelkoste. Die installering en instelling is gedoen die dag wat die drukker gekoop is.

**Voertuie**

Die besigheid besit **DRIE** identiese afleweringsvoertuie. Al drie is op dieselfde dag teen dieselfde prys aangekoop. ŉ Nuwe afleweringsvoertuig is op 01 September 2019 teen dieselfde prys as die vorige voertuie aangekoop. Die transaksie vir die aankope is reeds geboekstaaf.

**Waardevermindering vir die jaar is as volg:**

- Toerusting teen 10% per jaar op die verminderde saldo metode.
- Voertuie teen 25% per jaar op kosprys.

**39**

EXEMPLAR

**VRAAG 4: INTERNE KONTROLE EN ETIEK OP VASTE BATES EN VOORRAAD**
**(20 punte; 16 minute)**

41 Lees die scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Rogers Mokoena is die eienaar van Rogers Handelaars. Die besigheid besit twee afleweringsvoertuie. Volgens die voertuig beleid van die besigheid, mag die bestuurders die voertuie gebruik na hul huise veral as die laaste aflewering aan klante laat is. Die beleid is duidelik dat voertuie nie vir privaat doeleindes gebruik mag word nie.

Die eienaar het vasgestel dat een van die voertuie (bestuur deur John) 2 000 kilometer meer vir Junie 2020 gedoen het in vergelyking met die gemiddelde kilometers elke maand. Nadat ŉ ondersoek gedoen is, het John erken dat hy die besigheid se voertuig gebruik het om by sy familie in die Oos-Kaap te gaan kuier.

Rogers Handelaars het twee werknemers wat verantwoordelik is vir die stoorkamer. Hulle ontvang voorraad en reik voorraad aan die verkoopsafdeling uit. Die groot hoeveelheid bestellings wat aan klante afgelewer moet word, word vanaf die stoorkamer deur die bestuurders ontvang. Nadat die fisiese voorraadopname aan die einde van Junie 2020 gedoen is, is daar vasgestel dat 15 gasverwarmers weg is. Die werknemers van die stoorkamer kon nie rekenskap gee van die vermiste gasverwarmers nie.

**GEVRA:**

4.1.1 Verduidelik hoe John se onetiese gedrag die besigheid finansieel sal affekteer. Voorsien **TWEE** punte. (4)

4.1.2 Voorsien **DRIE** interne kontrole maatreëls wat deur die eienaar van die besigheid geïmplementeer kan word om die misbruik van voertuie deur werknemers te voorkom. (6)

4.1.3 Voorsien **TWEE** stappe wat teen John gedoen kan word vir sy onetiese gedrag. (4)

4.1.4 Verduidelik **DRIE** interne kontrolemaatreëls wat deur die eienaar geïmplementeer kan word om diefstal van voorraad te voorkom. (6)

**[20]**

**TOTAAL: 150**

EXEMPLAR

**EINDE**